Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.




Beste Wapadranter

# Gemeentekommunikasie

## Kontaknommers van die kerkkantoor

Om wedersydse kommunikasie tussen die kerkkantoor en lidmate te vergemaklik, maak ons graag gebruik van WhatsApp. Stoor asb. die volgende nommers op jou slimfoon.

1. Helena (finansies) +27 64 181 0694
2. Louise (admin) +27 76 639 8454
3. Ilda (media) +27 83 403 0722
4. Errol (jeug) +27 63 758 3855

## eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

# eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/Qe5sRARlI_w

# Wat gebeur by Wapadrant?

## Sondag 14 Julie 2024

- Daar is twee eredienste om 08:30 & 10:00.
- Die eredienste word gelei deur dr Rassie Smit.
- Tydens die 08:30 erediens vind belydenisaflegging plaas.
- Jeuggroepe kom om 09:30 in hul onderskeie lokale bymekaar.




## Belydenisaansoeke:




## Bybelstudie:

- Die Manne Bybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die gemeente se Bybelstudie het afgesluit en hervat op 6 Augustus.

### Algemeen:

- Teken solank die datum van die **gemeentekamp** aan. Ons gaan kamp by Kokoriba (Naby Brits) en daar is kampplek asook Chalets vir die wat in huisies wil bly. Die datum is **11 – 13 Oktober**. Elke persoon bespreek en betaal self sy staanplek of chalet. Ons het die Boendoe lapa bespreek vir Vrydag- en Saterdagmiddag vanaf 14h00 – 22h00. Die idee is dat daar saam gekuier sal word vir die wat wil.
- **Hout** word **te koop** aangebied in die saal teen R30 per kleiner sak en R100 per groot sak. Plaas asb. die korrekte bedrag in die houer wat by sakke beskikbaar is.

## Barmhartigheidsbediening

Die Barmhartigheidsbediening neem die vrymoedigheid om te vra vir ʼn skenking van ʻn betroubare voertuig vir ʼn gesin in nood. Indien jy hiermee behulpsaam kan wees, kan jy vir Gert Olivier kontak.

Kontak Gert via epos

## Wapadrant Bid Saam

# Ons vra voorbidding vir:

- Fransie Crous wat in die hospitaal was met infeksie in haar long.
- Willie Erasmus wat in die hospitaal opgeneem is.
- Helena Aucamp wat ʻn oogoperasie ondergaan het.
- Elsabé Kruger wat in die intensiewe eenheid opgeneem is. Haar toestand is kritiek.
- Hanno Kruger wat in die hart hospitaal opgeneem is.
- Jokie Wesseloo wat ʻn katerak-operasie ondergaan het.
- Abri, Hernus en Niel de Vries. Abri se vrou, Carene (Hernus en Niel se ma) het op 29 Junie haar aardse wedloop voltooi.
- Marietjie du Plessis. Haar eggenoot, Koos du Plessis, het op 29 Junie sy aardse wedloop voltooi.
- Elbi, Wilhelm, Izelle en Tiaan Prinsloo. Koos du Plessis was Elbi se pa.
- Neels en Alta Botha. Koos du Plessis was hul swaer.
- Joey Perry. Haar seun het sy aardse wedloop voltooi.

- Zandré en Megan Stapelberg wie se seuntjie in die hospitaal is met varkgriep.
- Die familie en vriende van Babs de Wet. Babs het verlede Saterdag haar aardse wedloop voltooi.
- Almal wat ongesteld is.

## Hartlik geluk aan:

- Jo en Tinka Fischer met die geboorte van hul baba. Liz Erasmus is die trotse ouma.
- Tiaan en Izelle Prinsloo wat op 14 Junie 'n dogtertjie ryker geword het. Wilhelm en Elbé Prinsloo is haar oupa en ouma. Marietjie du Plessis is haar oumagrootjie.
- André en Adele Groenewald met die geboorte van hul seuntjie. Gerhard en Thea Groenewald is die trotse oupa en ouma.
- André en Amanda Sandilands. Hul dogter, Amalia, het op 5 Julie in die huwelik getree met Sean.
- Alwyn en Estelle Lubbe wat verlede Sondag vir Evan laat doop het.
- Byron en Tanya Lupton met die geboorte van hul baba.
- AJ Willemse wat Sondag belydenis van sy geloof aflê. Sy ouers is Ampie en Chantelle Willemse en sy ouma is Annetjie Willemse.

## Gebed vir die week:




Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

# Vrouedag by Wapadrant




## Vrouedag

‘n Vonkel hier en ‘n vonkel daar en siedaar - ‘n vonkel-dag vir vonkel-vroue met gassprekers Ivy Sutton en Fay van Eeden.

Bevestig asb. jou teenwoordigheid teen 30 Julie by Helena of Riana.

Bevestig per epos

# Wapadrant Jeug

### Onthou om in te skryf vir die Jeug Expo!





Kliek op die skakel om die video te speel: https://youtu.be/CbJAOm05GvU

# Klassieke Musiekfees




# Preekrooster



**PREEKROOSTER**

| DATUM | IDIOOM | TYD | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| 14 Julie | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Rassie Smit |
| 21 Julie | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Marcel Floor |
| 28 Julie | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Rassie Smit |
| 4 Augustus | Kontemporêr<br>Klassiek | 08:30<br>10:00 | Marcel Floor |

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

# ‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie.  Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit  vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.




# Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

---

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?

Kontak die kerkkantoor